**Julle sonde sal julle uitvind**

**Num 32:1-33**

**7 November 2021**

1. Num 32 begin ‘n fokus op die verdeling van die beloofde land, steeds as voorbereiding om die land in te neem
2. Gebeure in Num 32
    a. V1-5: Ruben en Gad is goeie veeboere, en streek oos van die Jordaan is goed vir veeboerdery. Omdat die Here die streek vir die volk gegee het, wil hulle hierdie streek as hulle besitting ontvang.
    b. V6-15: Moses reageer ontsteld: Dit sal die res van die volk ontmoedig as Ruben en Gad agterbly, boonop is dit soortgelyk aan die weiering by Kades-Barnea om die land in te neem, wat die toorn van die Here laat ontvlam het.
    c. V16-19: Ruben en Gad wil ook hulle kinders beskerm. Hulle sal saam met res van die volk trek tot hulle die land ingeneem het.
    d. V20-30: Moses stem in, gee opdrag aan Josua en Eleasar om dit so toe te pas.
    e. Ruben en Gad was gehoorsaam aan hulle onderneming (Jos 1:12-18, Jos 13)
3. Het Ruben en Gad reg opgetree? Waarskynlik nie:
    a. Die Here het die Kades-Barnea gebeure in ‘n baie ernstige lig gesien
    b. Num 34 sien steeds die Jordaan as die oostelike grens van die beloofde land
    c. Is die Here nie by magte om suksesvolle veeboerdery in die beloofde land te gee nie?
    d. Ruben en Gad se fokus op kwaliteit van die land lyk baie soos Lot se keuse (Gen 13:10-11)
    e. Ruben en Gad se bekommernis oor kinders se veiligheid word weerspreek deur later gebeure (2 Kron 15:29, 1 Kron 5:26)
    f. Hierdie versoek verskil van Selofgad se dogters se versoek
    g. Gen 49:3-4 – Ruben is onstuimig soos stormwater
    h. Ps106:15 – Die Here het gegee wat hulle gevra het, maar hulle van siekte laat wegteer
4. Nuwe Testamentiese perspektief
    a. Mark 10:17-31 – moet afsien van hierdie lewe, bereid wees om vervolging te verdra, aanvaar die seën van die Here in hierdie lewe, en wag op die ewige lewe
    b. Mark 8:34-37 – Niks in die wêreld is kosbaarder as jou siel nie
    c. Jak 1:5-8 – Moet nie dubbelhartig in jou gebede wees nie, maak seker wat is die belangrikste
5. Implikasies vir ons
    a. Soek eers die koninkryk van God – dit gee sekuriteit vir hierdie en die ewige lewe
    b. Moet nie tevrede wees met minder nie:
        i. Getroue en entoesiastiese erediensbelewing is belangriker as veeboerdery
        ii. Beywer jou om met meer ywer van die Here en Sy openbaring te leer, as van veeboerdery
        iii. Beywer jou om te help werk aan die groei van die koninkryk